



GELEENTHEDE VIR DIE GEMEENSAP DEUR HERNUBARE ENERGIE

Die oprigting van die Perdekraal-Oos-windkragaanleg sal gedurende Junie 2018 begin.

Die windkragaanleg sal in die Witzenberg-munisipaliteit gebou word en skoon, hernubare energie met behulp van 48 windturbines opwek.

Die windkragaanleg sal elektrisiteit aan die nasionale kragnetwerk voorsien. Perdekraal-Oos-windkragaanleg sal 'n positiewe impak op die land se ekonomie maak en veral die gemeenskappe van Ceres en Prince Alfred Hamlet tot voordeel strek.



HOE SAL DIE GEMEENSAP UIT DIE WINDKRAGAAANLEG BAAT?



Werksg geleenthede, vaardigheidsontwikkeling, sosio-ekonomiese ontwikkeling en ondernemingsontwikkeling is 'n paar van die maniere wat plaaslike gemeenskappe, van Ceres en Prince Alfred Hamlet, oor 'n tydperk van 20 jaar uit die projek sal baat.

Ekonomiese ontwikkeling: 2.8% van die windkragaanleg se inkomste sal aan sosio-ekonomiese ontwikkeling bestee word en 0.2% daarvan aan ondernemingsontwikkeling oor 'n periode van 20 jaar.

Eienaarskap van gemeenskapstrust: 2.5% van die windkragaanleg sal deur 'n plaaslike gemeenskapstrust besit word wat ten bate van die gemeenskap opgestel sal word.



WERKSGELEENTHEDE

Verskeie werksg geleenthede sal gedurende die konstruksiefase geskep word, veral gedurende die tweede helfte van 2018. **'n Geraamde 90 - 100 werksg geleenthede sal geskep word.**

Hoe om vir werk aansoek te doen?

Dien jou CV by die kantoor van jou plaaslike raadslid in of by die kantoor van die gemeenskap skakelbeampte en verskaf jou besonderhede.

PLAASLIKE VERSKAFFERS

Die Perdekraal-windkragaanleg en sy kontrakteurs sal, **wanneer moontlik, van plaaslike goedere en dienste gebruik maak.**

Ondernemings wat belangstel om goedere en dienste te verskaf moet die gemeenskap skakelbeampte kontak. Plaaslike ondernemings sal op 'n databasis gelys word en subkontrakteurs en verskaffers sal uit hierdie databasis gekies word.






NAVRAE, BEKOMMERNISSE EN KLAGTES TEN OPSIGTE VAN DIE PERDEKRAAL-WINDKRAGAAANLEG

'n **Gemeenskapsforum** en 'n **komitee vir gemeenskapsbetrekkings** sal op die been gebring word om navrae, bekommernisse en klagtes ten opsigte van die Perdekraal-windkragaanleg te hanteer.

Die Gemeenskapsforum sal onder meer uit gemeenskap **verteenwoordigers** bestaan.

Lede van die gemeenskap sal in staat wees om met 'n gemeenskapsskakelbeampte en die Perdekraal-windkragaanleg se projekteampte in verbinding te tree aangaande enige navrae, bekommernisse en klagtes wat daar mag wees. Hierdie **rolspelers sal die kwessies dan aan die Gemeenskapsforum en die komitee vir gemeenskapsverhoudings oordra**.

VLOEIDIAGRAM TEN OPSIGTE VAN PERDEKRAAL-WINDKRAGAAANLEG SE GEMEENSKAPSBETROKKENHEID



KONSTRUKSIEVENNOTE

Die Perdekraal-windkragaanleg vorm deel van die Suid-Afrikaanse regering se program vir hernubare energie (REIPPP) en sal deur 'n ervare span, wat uit verteenwoordigers van **Siemens asook die Concor-Conco Konsortium** bestaan, opgerig word.

PLAASLIKE KANTOOR

Besoek ons plaaslike kantoor in Ceres vir verdere inligting.

Kontakbesonderhede:

Tel. _____

info@perdekraaleastwind.co.za